Sondag

4 November 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Uit jou hele hart en siel en verstand

Skriflesing: Markus 12:28-34

"As far as we can discern, the sole purpose of human existence is to kindle a light of meaning in the darkness of mere being."
— Carl Gustav Jung

Broodjies vir die pad

"When you want something with all your heart, that's when you are closest to the Soul of the World.... when you love someone with all your heart, that's when you are transformed."

"Everything on earth is being continuously transformed, because the earth is alive... and it has a soul. We are part of that soul, so we rarely recognize that it is working for us.... we continue to change as change is the nature of man. No one is "just this way". That is who they are today - it will not be who they are tomorrow."
— Paulo Coelho

"I simply believe that some part of the human Self or Soul is not subject to the laws of space and time."
— Carl Jung

"What you must realize, what you must even come to praise, is the fact that there is no right way that is going to become apparent to you once and for all. The most blinding illumination that strikes and perhaps radically changes your life will be so attenuated and obscured by doubts and dailiness that you may one day come to suspect the truth of that moment at all. The calling that seemed so clear will be lost in echoes of questionings and indecision; the church that seemed to save you will fester with egos, complacencies, banalities; the deepest love of your life will work itself like a thorn in your heart until all you can think of is plucking it out. Wisdom is accepting the truth of this. Courage is persisting with life in spite of it. And faith is finding yourself, in the deepest part of your soul, in the very heart of who you are, moved to praise it."
— Christian Wiman, My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer

Seven years ago, Christian Wiman, a well-known poet and the editor of Poetry magazine, wrote a now-famous essay about having faith in the face of death. My Bright Abyss, composed in the difficult years since and completed in the wake of a bone marrow transplant, is a moving meditation on what a viable contemporary faith—responsive not only to modern thought and science but also to religious tradition—might look like.

Joyful, sorrowful, and beautifully written, My Bright Abyss is destined to become a spiritual classic, useful not only to believers but to anyone whose experience of life and art seems at times to overbrim its boundaries. How do we answer this "burn of being"? Wiman asks. What might it mean for our lives—and for our deaths—if we acknowledge the "insistent, persistent ghost" that some of us call God?

https://www.goodreads.com/book/show/15793626-my-bright-abyss

"One who looks outside, dreams. One who looks inside, awakens."
— Carl Jung

Geloofsbegrip stagneer as ons dit 'bonsai'

André van Niekerk

'Ons moet keer dat ons geloof verander, want God bly altyd dieselfde," argumenteer ge-lowiges wat goed bedoel. Dit is eerder wanneer ons nie genoegsaam besef dat ons verstaan van God nie identies aan God self is nie dat ons geloofsbegrip stagneer. Ons ken immers slegs "ten dele". Indien ons kennis van die skepping vermeerder, behoort ons voorstellings oor die Skepper ook te vergroot.

'n Groeiende geloof bedreig ons behoefte aan sekerheid en beheer. Daarom is ons geneig om ons geloof te "bonsai". Bonsai is 'n Japannese woord wat na "pot" en "plant" verwys. Die Japanse natuurkuns om bome in 'n mooi pot volgens 'n bepaalde styl te verdwerg, is 'n voortreflike stokperdjie. Dit is goed vir ons verbinding aan die natuur, versterk 'n mens se geduld en verbeter selfs jou gemoedstoestand.

Om jou geloof te verdwerg, is gevaarlik. Job se vriende se geloof in God was byvoorbeeld in die pot van die Joodse vergeldingsleer geplant. Hiervolgens sou God diegene seën wat Hom gehoorsaam, maar dié straf wat verkeerd doen. Al pas die werklikheid van Job se lewe en lyding nie in hierdie verstaanskema nie, groei hulle nie daarby verby nie. Hulle knip

eerder hul geloofsboompie se wortels en bedraad die takke volgens hul tradisionele denkstyl. Op dié wyse bly hul geloofsbegrip klein en hanteerbaar binne die verstaanskrag wat hulle het.

Hierteenoor waardeer ons Martin Luther en ander Protestante se moed om hul geloof in God uit die kerklike magspot te laat groei. Vandag – 31 Oktober 2018 – vier ons die 501ste herdenking van Luther se protes van 95 stellings teen die kerkleiding en -praktyke van destyds.

Bly ons getrou aan hierdie Protestantse ingesteldheid, toets ons alles oor en oor aan die beste verstaan van die Bybel. Met die voordeel wat na-kennis verleen, erken ons dat ook ons Protestantse geloofsbegrip se wortels en takke steeds nie vry genoeg is nie.

Ons beheer ons geloof en skuif dit soos 'n boompie rond waar dit ons pas. Miskien is ons boompot nou dieper as voorheen, maar ons knip steeds die wortels wat by die wetenskappe kan water kry. Die takke van ons Protestantse boom het ons grondlangs bedraad om in volkskerke te verdeel.

Verder verskraal ons die genade van God tot toegang na 'n hemelse toekoms. Hierdie genade is wel duursaam en vrymagtig (Bonhoeffer). Dit wil ons verander in mense met opofferende liefde en met moed om ons te beywer vir geregtigheid aan almal. Jesus het immers – anders as Job se vriende – geleer dat God oor almal sy reën gee.

Danksy die openhartigheid teenoor God en vanaf God kon Job nie 'n nuwe pot vir sy geloof vind nie. As hy nie kan verstaan hoe die goeie in die skepping werk nie, hoe wil hy die lyding in 'n verstaanskema laat inpas?

Job ontvang 'n volwasse geloof sonder sekerheid, maar met geborgenheid. Dié vrye geloofsboom bied skadu sonder volle verstaan, maar met blywende verwondering.

** Van Niekerk is 'n predikant van die NG kerk Waterkloof, Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geloofsbegrip-stagneer-as-ons-dit-bonsai-20181031

Brood vir die pad

Musikale oorlogsdrama wys die pad na heling

Herman Lategan

Christiaan Olwagen se rolprent, Kanarie, baan die weg na heling in Suid-Afrika. Herman Lategan gee die veelbekroonde fliek vyf sterre.

Op 20 Julie 1985 kondig PW Botha 'n noodtoestand af. Die atmosfeer in ons land is godsgruwelik.

Dit is die tyd van kanariegeel Casspirs wat laatnag in townships rondjaag en nodeloos onder medelandsburgers vrees aanwakker. Voorts is dit die era van slagting: die Cradock-vier, die grensoorlog, Vlakplaas.

Daar was opstand. Deur musiek (onder meer) is daar 'n vet middelvinger na die establishment gewys.

Teen dié agtergrond speel die veelbekroonde rolprent, *Kanarie*, onder die regie van Christiaan Olwagen af. Dit is 'n ryk mengelmoes van 'n musikale oorlogsdrama, periodestuk, Bildungsrolprent en 'n liefdesverhaal.

Argaïese opvattings oor geslag word ondersoek. In die woorde van die medeskrywer Charl-Johan Lingenfelder: "Gender-*benders* soos Grace Jones, Boy George en Annie Lennox het mense aangetrek, en deur te wil lyk soos hulle, kon jy 'n duidelike boodskap aan almal stuur: Ek is nie soos julle nie."

Lingenfelder is ook die veelsydige en fynsinnige musikale regisseur, klankontwerper en die persoon op wie se ervarings in die weermag dié fliek gegrond is.

In sekerlik die grootste rol tot dusver in sy loopbaan vertolk Schalk Bezuidenhout die troep Johan Niemand (Bernoldus, waar is jy?), met soveel patos en deernis dat slegs die hardvogtigste onder ons nie tot in die diepste kamers van ons gees geroer sal word nie. Bezuidenhout kan nou by die grotes aantree.

Johan is verfynd. Hy woon op 'n versmorende dorpie waar hy ontvlug met kleurvolle kleredrag om na die musiek van dié tyd soos Duran Duran, Depeche Mode, Yazoo en Laurie Anderson te luister.

Die lied "Smalltown boy" deur Bronski Beat (pushed around and kicked around, always a lonely boy) word 'n soort draad wat deur die kern van Johan se lewe vervleg word. Hy word vir diensplig opgeroep. Dit verander sy lewe onherroeplik.

Hy sluit hom by die weermag se kerkkoor en konsertgroep, die Kanaries, aan omdat hy dink dit makliker as diensplig sal wees. Dit is 'n misgissing.

Hulle moet dieselfde uitmergelende basiese opleiding ondergaan as al die ander soldate. Dan moet hulle boonop die belaglike pro-grensoorlog-propagandaveldtog van die Suid-Afrikaanse Weermag aanblaas deur op dorpe en basisse te sing.

As Germandt Geldenhuys (Ludolf) die lied "Nader my God by U" saam met die koor sing, besef jy hoe boosheid onder die dekmantel van godsdiens verteerbaar aangebied word. Met die hulp van die NG Kerk is veral Afrikaners liederlik om die bos (oorlog) gelei om te glo in koeterwaals soos die Swart, Rooi en Roomse gevaar.

Tydens basiese opleiding skoppelmaai en rondomtalie Johan se hele lewe. Hy word aan hipermanlike aggressie blootgestel, uitstekend deur Beer Adriaanse as die korporaal vertolk. Die homofobie, geskree en verkleinering is onuitstaanbaar.

En die kerk glimlag. Verder raak Johan verlief op Wolfgang (Hannes Otto) en word hy in 'n identiteitskrisis gedompel. Dit is besonder moeilik om net 'n paar karakters uit te sonder, omdat hierdie hele rolprent vintage ensemblespel is.

Daar is nie een akteur wat nie skitter nie. Selfs die groep mense agter die kamera lewer werk wat van internasionale gehalte is.

Rocco Pool het reeds 'n prys vir die beste produksie-ontwerp ontvang en hy het die visuele gevoel van die tagtigerjare volkome vasgevang. "Daar is vertrekke met bruine en oker, doilies en Christelike muurbehangsels, asook 'n kamer met wit meubels en helder kleure soos 'n pienk kussinkie," vertel hy.

Op reis bly die Kanaries by gasouers. Ene Arlene (Anna-Mart van der Merwe) vat Johan eenkant toe en laat hom 'n rok aanpas. Dan fluister sy vir hom: "Sodra jou koutjie oopstaan, dan vlieg jy hier weg."

'n Mens wonder hoeveel van die amper miljoen diensplichtiges se koutjies in die naam van God en Vaderland platgetrap is – waar hulle dekades later steeds vlerkloos deur die lewe voortsukkel.

Stories soos hierdie, is die pad na heling.

** Met onder andere Schalk Bezuidenhout, Gérard Rudolf en Jacques Bessinger. Regie: Christiaan Olwagen. 123 minute. Ouderdomsperk: 16TGNV.*

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/musikale-oorlogsdrama-wys-die-pad-na-heling-20181016

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877